SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 11-Apr-2006
Topic: 25
Ref No: 1581
1
ID: 03330282-01
Source Page: 10

# Skole het nog nie herstel van 1976

## Die opofferings het leerkultuur duur te staan gekom

Ek daag twee minute laat op by die Hoërskool Kempton Park waar ek eers die personeel en later ook die hele skool moet toespreek.

Die skoolhoof is reeds besig om sy onderwysers, wat die geselskamer volgepak het, toe te spreek.

Toe ek binnestap, verwelkom hy my met die woorde: "Prof. Jansen, jy is laat vir my klas." Nou moet 'n mens iets van Afrikaanse skoolkultuur verstaan om te besef dat dié opmerking slegs gedeeltelik bedoel is om my been te trek – hy is ook doodernstig.

Dít waarvan ek daarna ooggetuie is, is iets wat ek nooit sal vergeet nie. Die skoolhoof vra die onderwysers of hulle enige aankondigings het. Een onderwyser spring op en kondig met trots aan dat een van hul hokkiespanne 'n hoërskoolspan uit Pretoria-Oos geklop het – waarop die hele groep onderwysers opstaan en met akklamasie erkenning gee aan dié energieke onderwyser.

Nog 'n onderwyser staan op en kondig aan dat een van die senior seuns 'n nasionale kompetisie in een van die wetenskapvakke gewen het. Nogeens volg warm en volgehoue applous. Só hou dit aan en aan. Ek begin vermoed ek het 'n verkeerde afrit geneem en in 'n ander land aangekom. Dissipline, entoesiasme, leierskap, erkenning, spanpoging, feesviering – wanneer laas het ek só iets in 'n Suid-Afrikaanse skool gesien?

Die byeenkoms eindig stiptelik en ons vertrek na die saalbyeenkoms waar honderde netjies geklede jong mense in heldergeel uniforms op die koue speelgrond sit.

Die saalbyeenkoms word deur die



**Beeld-forum**
Jonathan Jansen

leerlinge gehanteer en die hele geleentheid word gewy aan 'n viering van onderwysers se lewens en werk. Een onderwyser ná die ander word na die podium geroep terwyl leerlinge pragtige sitasies voorlees wat spreek van professionalisme, verbintenis en uitnemendheid.

Teen dié tyd weet ek dat ek die verkeerde afdraai geneem het en in 'n vreemde land beland het. Toe dit my beurt is om die leerlingraad toe te spreek, oorweldig my emosies en my vreugde my. As elke Suid-Afrikaanse skool net 50% het van dít wat ek hier aanskou, word ons 'n wennernasie, dink ek.

Ek vertrek op my tweede skoolbesoek – na 'n township-skool in Pretoria-Oos – en beland regtig in 'n ander land. Byna die helfte van die onderwysers het nie opgedaag nie. Ek kom tydens pouse (wat 20 min. duur) aan. Ná 90 min. is die leerlinge nog besig om die onbeplande, verlengde pouse te geniet. So ver ek kan sien, begin net een onderwyser ná afloop van pouse weer skoolhou.

Ek bring die betrokke periode in dié (fisika-)klas deur, maar bespeur soveel vakinhoudelike foute dat ek in die versoeking kom om in te gryp. 'n Groot aantal leerlinge het boonop die skoolterrein tydens pouse verlaat en bloot nie teruggekeer nie. My hart sak in my skoene en vir die eerste keer in my lewe dink ek ek ervaar "depressie".

Suid-Afrika sal aanstons die 30ste herdenking vier van die 16 Junie-opstande wat vanuit Soweto dwarsoor die land gespoel het. Daardie voorval was 'n keerpunt in die stryd teen apartheid en ons is baie dank verskuldig aan die destydse jeug vir die opofferings wat hulle gemaak het ter wille van alle Suid-Afrikaners se vryheid.

Maar daardie opoffering het ons baie duur te staan gekom, want ons skole het nog nie weer herstel van die ineenstorting van die onderrig- en leerkultuur nie.

Ek is 'n 1976-kind. Dit was die jaar waarin ek my eerste jaar op universiteit gedruip het; enersyds omdat ek nie 'n woord Afrikaans (in daardie stadium die dominante onderrigtaal aan my voorgraadse universiteit) kon verstaan nie en andersyds omdat my klasse aanhoudend óf gesluit, óf onderbreek is vanweë studenteleiers se besluit om "solidariteit met die kamerade in Soweto" te betuig.

Ek het nie eens geweet waar Soweto was nie, maar ek het geweet dat daardie opskudding belangriker was as 'n B.Sc.-graad.

Ek bly dankbaar teenoor daardie tyd se aktiviste wat my geleer het wat woorde soos regverdigheid, gelykheid, asook solidariteit beteken.

Maar 30 jaar later is ons dit darem nou regtig aan die jeug van Suid-Afrika verskuldig om die onderrig- en leerkultuur in al ons skole in ere te herstel. Elke skool behoort soos die Hoërskool Kempton Park te gloei van entoesiasme vir mense en van energie om te leer.

As hulle tog net van daardie aaklige geel uniforms ontslae wil raak!